Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DONDERDAG, 15 SEPTEMBER 2011 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
rdl C H H Hunsinger
rdl R F van der Westhuizen
rdl M van Zyl
rdl W Wilskut

Ander raadslede:
rdl H McKrieling
rdh N J A Rust
rdl A C Sedeman

Beamptes:
Die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me R J Pretorius

1. OPENING

Die Voorsitter heet almal hartlik welkom waarna rdl R F van der Westhuizen open met gebed.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU 11 AUGUSTUS 2011

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 11 Augustus 2011 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 6 SEPTEMBER 2011

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig onderhewig aan die volgende wysigings:

(1) ITEM 6.2: VOORGESTELDE PLASING VAN ADVERTENSIEBORDE OP MUNISIPALE EIENDOM ERF 894, SOWEL AS PADRESERWE VAN HOOFPAD 215, DARLING (15/4/3) (WYKE 5 & 6)

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die advertensieborde onwettig opgerig is, en nie op die gedeeltes grond soos deur die Munisipaliteit voorgeskryf nie;

(b) Dat, alvorens die onwettigheid van die borde verder deur die boubeheerafdeling ondersoek word, die Kaapse Weskus en Swartland Toerismevereniging genader word om laasgenoemde se belangstelling te toets om die bedryf van die advertensieborde vanaf die korrekte persele te hanteer;

(c) Dat indien die Kaapse Weskus en Swartland Toerismevereniging nie belangstel om die advertensieborde te bedryf nie, die aansoek weereens voorgelê word vir oorweging.

(2) ITEM 6.6: SWARTLAND MUNISIPALE POLISIEDIENS: JAARLIKSE PLAN 2011/2012 (7/1/2/2-3)

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word dat die Munisipale Polisieplan vir 2011/2012, met spesifieke verwysing na die misdaadvoorkomingsgedeelte, deur die Provinsiale Polisie Kommissaris goedgekeur is.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 WYSIGING: VERTEENWOORDIGING OP UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE (3/1/1)

Rdl A C Sedeman het op 19 Augustus 2011 sy bedanking ingedien as lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

'n Skrywe is/...

7.1/...

'n Skrywe is ontvang vanaf die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen waarin kennis geneem word van die bedanking van rdl A C Sedeman, en waarin bevestig word dat rdl Sedeman sy pos as voltydse raadslid op 31 Augustus 2011 sal ontruim.

Die skrywe ontvang vanaf die Uitvoerende Burgemeester bevestig verder die aanwysing van rdl R F van der Westhuizen as lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee (voltydse raadslid) met ingang van 1 September 2011 in die plek van rdl Sedeman.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die bedanking van rdl A C Sedeman as lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 31 Augustus 2011;

(b) Dat verder kennis geneem word van die aanwysing van rdl R F van der Westhuizen as lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee met ingang van 1 September 2011;

(c) Dat die wysiging van verteenwoordiging op eksterne en interne liggame van die Raad wat die hersamestelling van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee teweegbring, tydens die Raadsvergadering van 24 November 2011 voorgelê sal word.

7.2 VERKIESING VAN WYKSKOMITEE: KLAGTE ONTVANG VANAF VERTEENWOORDIGERS VAN SANCO (3/4/4/1)

'n Skrywe is ontvang vanaf *South African Civic Organisation (SANCO)* waarin beswaar gemaak word deur verteenwoordigers vanuit die Saamstaan-gemeenskap aangaande die prosedures gevolg tydens die verkiesing van wykskomiteelede in Wyk 11.

SANCO beskou die verkiesingsuitslag as ongeldig en versoek dat 'n openbare vergadering in hierdie verband plaasvind.

Die besware wat geopper is, is kortliks –

(1) Organisering en prosedures tydens verkiesing
(2) Kennisgewing rakende die instelling van wykskomitees
(3) Bewys van identiteit tydens verkiesing
(4) Uitreik van stembriewe
(5) Kworum tydens verkiesingsvergadering

Daar was 47 geregistreerde kiesers wat aan die verkiesing in Wyk 11 deelgeneem het. Die prosedure gevolg tydens die verkiesing word gerugsteun deur die Grondwet vir Wykskomitee soos goedgekeur deur die Raad op 31 Mei 2011.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die skrywe ontvang vanaf *SANCO*, sowel as van die kommentaar daarop soos vervat in die verslag;

(b) Dat die versoek van *SANCO* om 'n openbare vergadering te reël om hulle griewe aan te hoor, nie toegestaan word nie;

(c) Dat *SANCO* van die besluit in kennis gestel word.

7.3 HERSIENING VAN VERSKEIE BELEIDE EN AANVAARDING VAN NUWE BELEIDE OOR WAARNEMINGSTOELAE EN ONGESKIKTHEID (4/2/B, 4/3/B, 4/7/B)

Daar is sedert 2010 'n proses gevolg waartydens verskeie beleide hersien is. Die bestaande Aanstellingsbeleid is bygewerk ten einde die implementering van TASK met ingang van 1 Julie 2010 te inkorporeer. Die bestaande Verlofbeleid is bygewerk ten einde die bepalings van die Kollektiewe Ooreenkomste met betrekking tot verlof en spesiale verlof te inkorporeer. Nuwe beleide aangaande waarnemingstoelaes en ongeskiktheid het ook deel uitgemaak van voormelde proses.

7.3/...

Op 4 Februarie 2011, 19 April 2011 en 23 Junie 2011 is werkswinkels gehou met uitnodigings aan alle belangegroepe waartydens voormelde beleide bespreek is en wysigings aangebring is na inagneming van alle insette.

SAMWU was ook uitgenooi na die bogemelde werkswinkels, maar ondanks addisionele pogings van die Bestuurder Menslike Hulpbronne om SAMWU te oorreed om die werkswinkel by te woon, was SAMWU nie teenwoordig nie. SAMWU was ook skriftelik versoek om kommentaar te lewer op die gemelde beleide teen 6 Mei 2011, maar geen kommentaar is ontvang nie. Tydens die Arbeidsverhoudingeforumvergadering is beide vakbonde die geleentheid gebied om teen 17 Junie 2011 finale kommentaar te lewer oor die beleide, maar geen kommentaar is ook teen 17 Junie 2011 vanaf SAMWU ontvang nie. Die werkswinkel van 23 Junie 2011 is gevolglik hanteer met die kommentare wat op daardie stadium ontvang was.

Die betrokke beleide is weereens verwys na die Arbeidsverhoudingeforumvergadering op 10 Augustus 2011 waar dit aanbeveel is vir goedkeuring deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir implementering.

Die betrokke beleide is as bylaag gesirkuleer en alle wysigings is in donker skuinsskrif aangedui.

BESLUIT

(a) Dat met kommer kennis geneem word van SAMWU se onbetrokkenheid by die proses;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte gewysigde Aanstellingsbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 Oktober 2011;

(c) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte gewysigde Telefoonbeleid goedkeur vir terugwerkende implementering met ingang van 1 September 2011, aangesien die Munisipale Bestuurder die implementeringsdatum sodanig met die onderskeie vakbonde ooreengekom het, onderhewig aan die volgende wysiging:

- par 5.3 – die woord “lemiet” vervang word met “beleid”;

(d) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte gewysigde Verlofbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 Oktober 2011;

(e) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte gewysigde Oortydbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 Oktober 2011;

(f) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte Beleid oor Waarnemingstoelae goedkeur vir implementering met ingang van 1 Oktober 2011 onderhewig aan die volgende wysiging:

- par. 3.1.2 – vervang artikel 57 met artikel 56;

(g) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte Beleid oor Ongeskiktheid goedkeur vir implementering met ingang van 1 Oktober 2011;

(h) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte Beleid oor Werwing en Keuring goedkeur vir implementering met ingang van 1 Oktober 2011 onderhewig aan die volgende wysiging:

- par. 5.1.3 (b) – vervang artikel 57 met artikel 56.

7.4 VERHUUR VAN POSKANTOOR OP RIEBEEK-WES (12/1/3/1-12/1)

Die Raad verhuur ’n gedeelte van die gebou geleë op erf 163, Riebeek-Wes aan me H Nel op ‘n jaar tot jaar basis vir doeleindes van die bedryf van ‘n poskantooragentskap.

BESLUIT/...

7.4/...

BESLUIT

(a) Dat die voormelde gebou uit-die-hand-uit vir ‘n verdere termyn van 11 maande aan me H Nel verhuur word vir doeleindes van ’n poskantooragentskap, ten einde die huurtermyn in lyn te bring met die verhuring van die poskantoorgebou te Riebeek Kasteel;

(b) Dat, ter wille van voortgesette dienslewering aan die gemeenskap van Riebeek-Wes, die Raad steeds ‘n bydrae maak met insentiewe deur middel van ‘n laer huurgeld, en dat die bestaande huurtarief van R100,00 plus 14% BTW per maand goedgekeur word;

(c) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly.

7.5 HUUROOREENKOMSTE: (1) MALMESBURY RUGBY VOETBALKLUB; (2) MALMESBURY ROLBALKLUB; (3) MALMESBURY KRIEKETKLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur die Malmesbury rugbyfasiliteite aan die Malmesbury Rugby Voetbalklub, die rolbalfasiliteite aan die Malmesbury Rolbalklub en die Malmesbury krieketfasiliteite aan die Malmesbury Krieketklub voorlopig op ’n jaar tot jaar basis.

Die huurgelde betaalbaar is R10,00 per jaar elk. Die onderskeie huurooreenkomste verval op 30 September 2011.

BESLUIT

(a) Dat met die proses van oorlegpleging aangaande die sportbeleid met die klubs en dissiplines by Dieprivier ‘n aanvang geneem word en as sulks voorrang geniet;

(b) Dat, gedagtig daaraan dat –
  (i) die Raad van voorneme is om binne die afsienbare toekoms (met die insette van die onderskeie sportklubs in die Swartland) ‘n beleid te finaliseer rakende die benutting van alle munisipale sportfasiliteite; en
  (ii) die Raad begrip het daarvoor dat dit vir sommige sportklubs meer voordelig sal wees om langtermyn-huurooreenkomste te beding, goedkeuring vir die huidige nie verleen word vir die hernuwing van die huurooreenkomste met die Malmesbury rolbalklub, die rugbyklub en die krieketklub ten aansien van die Dieprivier sportgronde op ‘n 12 maande grondslag nie;

(c) Dat die bestaande huurooreenkomste met gemelde klubs egter vir die interim periode, totdat gemelde beleid realiseer, op ‘n maand-tot-maand-basis hernieu word met ingang vanaf 1 Oktober 2011, onderhewig aan die bestaande huurvoorwaardes, met dien verstande dat daar teen Desember 2011 finaliteit moet wees rakende die implementering van gemelde sportbeleid, ten einde die opsie van langer huurtermyne te kan oorweeg teen die agtergrond en inhoud van gemelde beleid.

7.6 UITSTAANDE DEBITEURE: AUGUSTUS 2011 (5/7/1/1)

‘n Skedule wat die uitstaande debiteure van Swartland Munisipaliteit vir die periode geïndig Augustus 2011 reflekteer, is as bylaag gesirkuleer. Dit bevat die ondstaande verslae:

(a) Uitstaande debiteure voor heffing
(b) Uitstaande debiteure (voor heffing) 150 dae en ouer
(c) Uitstaande debiteure (voor heffing) 150 en ouer - Legal Suite
(d) Uitstaande debiteure (voor heffing) Residensieël / Besigheid / Staat / Personeel/ Raadslede

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die uitstaande debiteure verslag.

7.7 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE

’n Lys van versekeringseise sowel as kommentaar daarop is as bylaag gesirkuleer.

7.7/...

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die uitstaande versekeringseise verslag

7.8 AFSKRYF VAN VOORRAAD: SKRYFBEHOEFTES, R10 126,70 EN MAGASYN, R20 906,67 (6/1/1)

Jaarliks word daar etlike stadigbewegende items geïdentifiseer en word dit in samewerking met die relevante gebruikers nagegaan om sodoende uitgediende en verouderde voorraad te identifiseer. Dit word gedoen om te verseker dat voorraad ten alle tye op 'n ekonomiese grondslag aangehou word. Hierdie afskrywings word beskou as 'n magasynkontrole-maatreël wat jaarliks moet geskied.

BESLUIT

Dat die afskrywing van uitgediende skryfbehoefte items vir die 2010/2011 finansiële jaar ten bedrae van R10 126,70 (BTW uitgesluit), asook magasyn voorraaditems ten bedrae van R20 906,67 (BTW uitgesluit), goedgekeur word.

7.9 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: KOMMENTAAR-HOKKIE, MOORREESBURG (8/2/2/1)

'n Bedrag van R150 000,00 is deur Provinsie in die 2010/2011 finansiële boekjaar bewillig om 'n kommentaarhokkie te Gene Louw Sportgronde Moorreesburg op te rig. 'n Verdere R50 000,00 sal vanuit munisipale kapitale befondsing voorsien moet word om die oprigtingskostes van R174 133,00 + R7 000,00 [addisionele koste vir diefwering] (BTW uitgesluit) te dek.

Met die inwin van tenders op 19 Augustus 2011 d.m.v. die voorsieningskanaalbestuursproses is die enigste tender ten bedrae van R211 786,92 (BTW ingesluit) ontvang vanaf 'n plaaslike staal firma, naamlik *Atlas Staal*. Na gesprekvoering met *Atlas Staal* is hulle bereid om 'n korting toe te staan om onder die R200 000,00 formele tenderperk te bly en sodoende heradvertering te vermy.

By verifiëring van inligting is gevind dat die *Atlas Staal* wel volgens alle tegniese vereistes getender het, maar NIE volgens voorvereiste by die "Construction Industry Development Board" geregistreer is nie. Navrae t.o.v. die moontlike afwyking van hierdie vereiste is deur ons Voorsienningskanaalbestuurder; mnr. Pieter Swart ingewin. Reaksie vanaf die "CIDB" Bestuurder: Kontrakteurontwikkeling en Groei, mnr Dieter Dolinschek toon egter dat daar wel volgens die CIDB regulasies afgewyk mag word.

BESLUIT

(a) Dat *Atlas Staal* vir die alles-insluitende bedrag van R198 511,62 aangestel word vir die oprigting van die kommentaarhokkie te Gene Louw Sportgronde, Moorreesburg;

(b) Dat, met inagneming van bogemelde, die handeling van die Munisipale Bestuurder om toestemming te verleen van die Voorsieningskanaalbestuursprosedures af te wyk, gekondoneer word, en wel om die volgende redes:

(i) met die inwin van die tenders was daar slegs een tender ontvang en is daar geen tenderaars in die omgewing wat aan die vereistes voldoen nie;

(ii) weens die feit dat die uitsaaihokkie as fasiliteit teen 26 November 2011 benodig word vir 'n groot byeenkoms, was daar nie voldoende tyd beskikbaar om weer tenders in te win nie;

(iii) die aangebode prys van die tenderaar as billik beskou word;

(iv) die feit dat firmas buite die area nie getender het nie 'n aanduiding is dat die vervaardiging van die fasiliteit en die gepaardgaande "ABNORMALE VERVOER" van die fasiliteit na Moorreesburg, nie kompeterend met 'n plaaslike verskaffer sou wees nie;

7.9/...

(v) dat 'n verteenwoordiger van die CIDB, soos per aangehegte skrywe van 5 September 2011, ook mening is dat daar genoeg gronde is vir afwyking;

(c) Dat daar kennis geneem word dat die addisionele koste van ongeveer R50 000,00, hetsy uit kapitaalbesparings of tydens die aansuiweringsbegroting reggestel sal word;

(d) Dat die Departement van Sport en Kultuur in kennis gestel word van die volvoering van die projek;

(e) Dat daar in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuurstelsel, opdrag gegee word om bovermelde redes as nota in die 2011/12 finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: MEERDOELIGE SENTRUM KALBASKRAAL (8/1/B)

Gedurende die 2006/2007 finansiële jaar was daar R1 000 000,00 begroot om 'n meerdoelige sentrum op erwe 387 en 388 Hoofweg, Kalbaskraal op te rig. Die argiteksfirma, *Hennie de Villiers Argitekte BK* is aangestel om die ontwerp van die gebou te doen.

Met die vloede in Malmesbury en Moorreesburg is die fondse geherallokeer om herstelwerk aan geboue en infrastruktuur te doen.

Intussen is 'n behoeftebepaling gedoen om te bepaal waar daar Vroeë Kinderontwikkelingsfasiliteite opgerig moet word en is die destydse Wyk 7 en Koringberg hiervoor geïdentifiseer. Verder is Kalbaskraal geprioritiseer as die gemeenskap waar die eerste fasiliteit opgerig moet word.

Hennie de Villiers Argitekte het weer opdrag gekry om die reeds ontwerpte meerdoelige sentrum op erwe 387 en 388 te omskep in 'n kinderfasiliteit. Tydens die ontwerpstadium hiervan, is besef dat erwe 387 en 388 werklik baie beperk is en kan 'n kinderfasiliteit gebaseer op die voorskrifte van Departement Ontwikkelingsbeplanning nie daar opgerig word nie. Erf 43 (m²) Calabashstraat, Kalbaskraal het intussen beskikbaar geword en is daar besluit om dit aan te koop.

Goedgedacht Trust, wat reeds in Riebeek-Kasteel en Riebeek-Wes POP-sentrums opgerig het, het die munisipaliteit intussen genader om ook in ander gebiede in die Swartland munisipale area soortgelyke sentrums op te rig en te bestuur.

BESLUIT

(a) Dat die aksies van die Munisipale Bestuurder, naamlik die aanstelling van *Hennie de Villiers Argitekte*, asook om nie formele tenders aan te vra, hiermee gekondoneer word;

(b) Dat kennis geneem word dat dit onprakties sou gewees het om die amptelike verkrygingsproses te volg, vanweë die firma se betrokkenheid by die proses tot dusver, asook hul kundigheid en kennis van die projek en dit dus nie wenslik sou wees om 'n ander diensverskaffer aan te stel nie, omrede:

(i) die ontwerpe van die meerdoelige sentrum op erwe 387 en 388 oorgedra/aangewend word vir die nuwe ontwerp op erf 43, met die nodige toevoegings;

(ii) die vorige ontwerp nie 'n vrugtelose uitgawe word nie en dus nuttig aangewend word;

(iii) die bedrag tot werkstadium 4.2 'n geringe oorskryding is van die perk van R300 000,00 wat gestel is, waarvoor formele tenders aangevra moet word;

(c) Dat daar in terme van klousule 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuurstelsel, opdrag gegee word om bovermelde redes as nota in die 2011/12 finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.11 AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE WAARDASIE APPÈLRAAD VIR SWARTLAND MUNISIPALITEIT (15/2/2/1)

In terme van artikel 58 van die Munisipale Belastingswet, Wet 6 van 2004, het die Minister van Plaaslike Regering en Behuising in die Provinsiale Koerant, 78/2008 asook in die Provinsiale Gazette van 7 Maart 2008, aangedui dat die onderstaande lede aangewys is om vanaf 1 Maart 2008 tot 29 Februarie 2012 op die Waardasie Appèlraad van Swartland Munispaliteit te dien:

Mnr E W Mostert	-	Voorsitter
Mnr I A C Mitchell	-	Waardeerder/Lid
Mnr J van Dyk	-	Lid
Mnr A J Titus	-	Lid
Mnr C Agulhas	-	Lid

Hierdie munisipaliteit is tans besig met die algemene waardasieproses en blyk dit dat die Waardasie Appèlraad in die laaste kwartaal van die 2011/2012 finansiële jaar, tewete Maart 2012 tot Junie 2012 in die proses betrokke sal wees, indien appèlle teen waardasies wel ontvang word. Hierdie tydperk val buite die wetlike aanstellingsperiode van die huidige Waardasie Appèlraad.

Gevolglik is die gedagte om die bestaande lede van die Waardasie Appèlraad vir 'n volgende termyn van 4 jaar ingevolge artikel 60 van die Wet her aan te stel. Alle lede het reeds hul beskikbaarheid bevestig.

BESLUIT

Dat die volgende name van persone aan die minister van Plaaslike Regering vir her-aanstelling as voorsitter en lede van Swartland Munisipaliteit se Waardasie Appèlraad voorgelê word:

Appèlraad

Mnr E W Mostert	:	Voorsitter
Mnr J van Dyk	:	Plaasvervanger Voorsitter en lid
Mnr I A C Mitchell	:	Waardeerder en lid
Mnr A J Titus	:	Lid
Mnr C Agulhas	:	Plaasvervanger lid

7.12 VOORGESTELDE HERSONERING VAN 'N GEDEELTE VAN PLASE 1222 EN 1224, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-3) (WYK 3)

'n Aansoek is ontvang van die eienaar van Pretoria Portland Cement Company Limited vir die hersonering van 'n gedeelte van Plaas no. 1222 (groot ±319ha), Afdeling Malmesbury vanaf landbousone I na nywerheidsone III ten einde die bestaande steengroef uit te brei.

'n Aansoek is ook ontvang van Pretoria Portland Cement Company Limited vir die hersonering van 'n gedeelte van Plaas no. 1224 (groot ±407ha), Afdeling Malmesbury vanaf landbousone I na nywerheidsone III ten einde die bestaande bogrondse stortingsterrein uit te brei.

BESLUIT

Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte van Plaas no. 1222 (groot ±319ha), Afdeling Malmesbury vanaf landbousone I na nywerheidsone III ten einde die bestaande steengroef uit te brei, asook die hersonering van 'n gedeelte van Plaas no. 1224 (groot ±407ha), Afdeling Malmesbury vanaf landbousone I na nywerheidsone III ten einde die bestaande bogrondse stortingsterrein uit te brei, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING

(a) dat die uitbreiding van die steengroef op die Plaas 1222 beperk word tot 'n grootte van ±319ha;

(b) dat die/...

7.12(A1)/...

(b) dat die uitbreiding van die bogrondse stortingsterrein beperk word tot ‘n grootte van ±407ha;

A2 DEPARTEMENT VAN WATERWESE EN BOSBOU

(a) dat in terme van die algemene goedkeuring, provinsiale kennisgewing No. 399 is hierdie eiendom geleë op die kwartaallikse dreineringsopvanggebied G10L wat ondervang word in die grondwater gebied Sone A waar geen grondwater mag onttrek word nie, behalwe onder Skedule 1 en klein industriële gebruikers (20m³/d);

(b) dat enige ontwikkeling binne die 1:100 vloedlyn of binne die oewer habitat benodig ’n water gebruikslisensie in terme van artikel 21 (c) en (i) van die Nasionale Water Wet, 1998 (Wet 36 van 1998). Goedkeuring moet verkry word by die Departement van Waterwese en Bosbou alvorens enige ontwikkeling plaasvind;

(c) dat enige ontwikkeling binne 500m van die grens van enige vleiland benodig ’n watergebruikslisensie in terme van Departement van Waterwese en Bosbou regulasies;

(d) dat geen besoedeling van bo- of ondergrondse waterbronne mag plaasvind as gevolg van enige aktiwiteite op die perseel;

(e) dat daar aan alle relevante artikels en regulasies van die Omgewingsbewaring Wet, 1989 (Wet 73 van 1989) asook die Nasionale Omgewing Bestuur: Afval Wet, 2008 (Wet 59 van 2008) rakende die wegdoening van soliede afval, voldoen word (bewyse hiervan moet voorsien word aan die Departement van Waterwese en Bosbou indien versoek). Soliede afval mag slegs by goedgekeurde stortingsterrein gestort word soos voorgeskryf deur die bogenoemde wetgewing;

(f) dat maatreëls in plek geplaas word om enige onwettige storting van konstruksie materiale te voorkom ten einde die besoedeling van bogrondse water te voorkom;

(g) dat gronderosie ten alle tye voorkom word, veral tydens en na die konstruksiefase;

(h) dat stormwaterafloop beheer word ten einde te verseker dat die op-perseel aktiwiteite nie daartoe lei dat besoedeling vanaf die perseel plaasvind nie;

(i) dat enige watergebruikaktiwiteit wat nie gelys is as ‘n Skedule 1 watergebruik nie, geregistreer en goedgekeur moet word in terme van artikel 21 van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998);

(j) dat alle toepaslike artikels en regulasies van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet 36 van 1998) rakende watergebruik nagekom word;

A3 TELKOM

(a) dat indien enige Telkom infrastruktuur verskuif moet word, ‘n kostebepaling gedoen sal word by die ontvangs van ‘n skriftelike versoek;

(b) dat die kostebepaling genoem by punt A3(a) slegs gedoen kan word wanneer die finale dimensies en in die lengte/ snitte van vlakke van die paaie wat herbou moet word, bekend is;

(c) dat indien enige Telkom infrastruktuur verskuif moet word, sal dit wees vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar;

(d) dat Telkom geen verantwoordelikheid kan aanvaar vir enige herplasing/herbouing van infrastruktuur;

(e) dat Telkom infrastruktuur toeganklik moet wees te alle tye;

7.12/...

A4 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

(a) dat paaie MR227, OP5411 en OP5413 nie mag gebruik word as karweipaaie “haul roads”;

(b) dat ‘n vervoerplan voorsien word aan die Departement van Vervoer en Openbare Werke voorsien word;

A5 TELKOM

(a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;

(b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van ‘n Eskom kraglyn verbode is;

(c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

A6 DEPARTEMENT LANDBOU (ELSENBURG)

(a) dat mynaktiwiteite plaasvind in oorleg met die mynlisensies Lisensie no ML2/96 soos uitgereik op 4 Maart 1996, Lisensie no ML42/2002 soos uitgereik op 7 November 2002 en Lisensie no ML43/2002 uitgereik op 7 November 2002;

(b) dat die bestuur van die voorgestelde uitbreiding van die mynaktiwiteite in oorleg met die Omgewingsbestuursplan sal plaasvind.

7.13 AFWYKING OP ERF 177, YZERFONTEIN (15/4/2-14) (WYK 5)

Hierdie aansoek het reeds op 17 Junie 2011 voor die Raad gedien vir besluitneming, maar was terug verwys sodat ‘n terplaatse terrein inspeksie uitgevoer kon word alvorens ‘n besluit geneem word oor die aansoek. Die terplaatse terrein inspeksie is uitgevoer op 30 Junie 2011.

‘n Bouplanaansoek is ontvang van die eienaar mnr en mev Marx van erf 177, geleë te Hoofstraat, Yzerfontein. ’n Onderdak stoep en ’n motorhuis word voorgestel. Die voorgestelde onderdak stoep oorskry die 4m straatboulyn (soneringskemaregulasies parameter) tot op ±0,9m.

In terme van titelakte no. T46957/10 is daar ‘n 3,15m straatboulyn van toepassing op erf 177. ‘n Aansoek vir die verslapping van die betrokke titelboulyn was aan die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning gestuur en op 30 Augustus 2011 het hierdie munisipaliteit ‘n brief ontvang waarin die verslapping van die titelvoorwaardes toegestaan word.

Gevolglik doen die applikant aansoek om afwyking ten einde af te wyk van die 4m straatboulyn tot op ±0,9m. Erf 177 is tans bebou met ‘n woonhuis en buitegebou.

BESLUIT

Dat die afwyking op erf 177, Yzerfontein ten einde af te wyk van die 4m straatboulyn na ±0,9m vir die oprigting van ‘n onderdak stoep soos aangedui op die bouplan gemerk “B1” tot “B4”, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word.

7.14 VOORGESTELDE HERSONERING VAN GEDEELTE 40 (’N GEDEELTE VAN GEDEELTE 24) VAN DIE PLAAS YZERFONTEIN NO. 560, AFDELING MALMESBURY (15/3/3-15, 15/3/6-15) (WYK 5)

‘n Aansoek is ontvang namens die geregistreerde eienaar, Die Weyers Familie Trust, vir die hersonering van gedeelte 40 (‘n gedeelte van gedeelte 24) van plaas 560 (groot 926m²), geleë oos van Buitekantstraat, Yzerfontein ingevolge vanaf residensiële sone V na sake sone II ten einde winkels op die perseel op te rig.

BESLUIT/...

7.14/...

BESLUIT

Dat die item terugverwys word om die bydrae tot die opgradering van die Buitenkant/Hoofweg-interseksie, sowel as aspekte wat met die opgradering van Buitenkantstraat gepaardgaan, aan te spreek

7.15 VOORGESTELDE HERSONERING MET AFWYKING VAN ERF 2650, DARLING (15/3/3-3, 15/3/4-3) (WYK 6)

Hierdie aansoek het reeds voor die portefeuljekomitees gedien vir besluitneming op 9 Maart 2011. Die item is terugverwys na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir afhandeling.

'n Aansoek is ontvang namens die geregistreerde eienaar, N Basson vir CLB Eiendomme (Pty) Ltd vir die hersonering van erf 2650 (groot 260m²) geleë te Denneboomlaan, Darling, vanaf residensiële sone I na institusionële sone I ten einde 'n sopkombuis met ondersteunende onderrig funksies te bedryf.

Verder word aansoek gedoen ten einde af te wyk van die 10m boulyne na onderskeidelik ±3,7m (straat), ±2,1m (suidelike sygrens) en ±2,4m (noordelike sygrens) asook ±1m (agtergrens). Die struktuur is reeds ongemagtig opgerig.

BESLUIT

Dat, aangesien die voorgestelde grondgebruik verkieslik nie toegelaat kan word nie, 'n tydelike gebruiksreg ondersoek word ten einde goedkeuring te kan verleen dat 'n sopkombuis as primêre gebruik vanaf erf 2650, Darling bedryf mag word.

7.16 OPTIMALISERING VAN DIE REGISTRASIE- EN LISENSIËRING KANTOOR TE DARLING (17/6/B)

Die Swartland Munisipaliteit se Voertuig- Registrasie en Lisensiëringsafdeling beskik tans oor kantore in Malmesbury, Moorreesburg en Darling waarvan elke kantoor die volgende funksies uitvoer:

MALMESBURY EN MOORREESBURG KANTORE:

(a) Betalings van lisensiegelde en registrasies van voertuie;
(b) Hernuwing van voertuiglisensies;
(c) Uitreiking van spesiale permitte;
(d) Aansoeke om voertuie te toets vir padwaardigheid en die uitreiking van padwaardigheidsertifikate;
(e) Aansoeke vir leerlinglisensietoetse asook bestuurslisensie afsprake;
(f) Die uitreiking van leerlinglisensies en bestuurderslisensies aan suksesvolle kandidate;
(g) Hernuwing van professionele bestuurspermitte;

DARLING KANTOOR:

(a) Betalings van lisensiegelde en registrasies van voertuie;
(b) Hernuwings van voertuiglisensies;
(c) Uitreiking van spesiale permitte;

PERSONEELSTERKTE

Malmesbury kantoor: 1 (een) Toesighouer, 5 (vyf) Registrasie klerke
Moorreesburg kantoor: 2 (twee) Registrasie klerke
Darling kantoor: 1 (een) Registrasie klerk

Die werksaamhede by die Darling Registrasie en Lisensiëringskantoor is vir die afgelope twee jaar gemonitor aangesien die persepsie bestaan dat die kantoor nie optimaal benut word nie.

BESLUIT/...

7.16/...

BESLUIT

(a) Dat oorweeg om die Registrasie en Lisensiëringskantoor te Darling slegs twee dae per week oop te stel nl. Dinsdae en Vrydae met ingang 1 November 2011;

(b) Dat die Registrasie en Lisensiëringskantoor te Darling ook op die 22ste, 30/ 31ste van elke maand beman sal word;

(c) Dat die klerk die ander drie dae van die week by Malmesbury Registrasie- en Lisensiëringskantoor aangewend word om sodoende dan ook meer ondervinding in al die ander fasette van registrasies en veral leerling- en bestuurslisensies te kan opdoen;

(d) Dat voorneme om die Darling Registrasie- en Lisensiëringskantoor slegs op Dinsdae en Vrydae te gebruik in die pers geadverteer word asook in die kwartaallikse nuusbrief.

7.17 RAADSLEDE: UIF BETALINGS (4/7/5/3)

Die Ouditeur-Generaal is van mening dat munisipaliteite UIF moet aftrek vanaf raadslede, en is hierdie standpunt reeds geopper met die 2010-oudit. Die Ouditeur-Generaal se mening spruit voort uit spesifieke artikels wat SARS in hierdie verband uitgereik het. Verder is hierdie verpligting wat op munisipaliteite ontstaan het reeds van toepassing vanaf 1 April 2004.

Daar is in 2010 vir UIF-aftrekkings voorsiening gemaak, maar is dit gestaak na aanleiding van ’n opinie ingewin deur Stad Kaapstad vanaf ’n Senior Advokaat wat bepaal dat raadslede nie onderhewig is aan die betaling van UIF nie, aangesien daar nie ’n werkgewer-werknemer-verhouding bestaan soos in die geval van werknemers van ‘n munisipaliteit nie.

Die Ouditeur-Generaal het egter gemeld dat SARS se wetlike bepalings enige opinie oorheers van watter aard ookal en dat die munisipaliteit aanspreeklik gehou gaan word vir die nie-nakoming van die statutêre verpligting wat op hom rus in terme van die artikel wat handel met UIF-aftrekkings.

Hierdie aangeleentheid is tydens ’n CFO-forum te Worcester bespreek en het die voorsitter versoek dat munisipaliteite eerder die voorsiening moet skep in afwagting van ’n opinie wat ingewin is vanaf Minister P Gordhan gedateer 15/6/2011.

BESLUIT

Dat gesien in die lig van bogemelde statutêre verpligting soos deur SARS uitgereik en wat steeds van krag is word aanbeveel:

(a) dat ’n las geskep word vir die Raad, sowel as vir die gedeelte wat die Raadslede voor verantwoordelik gehou kan word;

(b) dat die totale bedrag vanaf 1/4/2004 tot 30/6/2011 R387 652,22 beloop;

(c) dat daar vir die huidige geen oorbetaling aan SARS gemaak word nie, in afwagting van Minister P Gordhan se antwoord.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER